**11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:38-42 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:39**

**’n Geloofwaardige getuie is bereid om die ander wang te draai!**

Christus dring by ons aan op onvoorwaardelike liefde. Om daardie een wat jou so ’n onreg aangedoen het, weer te ontvang, hom te herstel in sy vorige posisie en af te skryf dit wat hy geskuld het.

Jesus leer ons dat ’n *geloofwaardige getuie* bereid sal wees om die ander wang te draai en om die minste te wees. As hy jou na die gereg wil neem en jou onderkleed wil neem, laat hom ook jou bo-kleed kry, en as iemand wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee aan hom iets wat jou iets vra en wys hom nie af wat iets van jou wil leen nie.

Christus het met sy soendood aan die kruis al ons skulde, sondes, oortredinge en misdade op Hom geneem en in ons plek daarvoor gelei en betaal. Selfs aan die kruis waar die aanvegtinge van Satan en die wêreld op sy hewigste was, het Hy gesê: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

In sy lyding aan die kruis het Hy die volkome liefde vir ons betoon. Hy is gehaat, bespot en doodgemaak sodat ons die ewige lewe kon beërf. Met sy opstanding het Hy die dood oorwin. Jesus Christus het ons wat dood was in ons sonde, lewend gemaak. Hy het die verhouding met God herstel.

Deur sy dood en opstanding kan ons nou ons en ons naaste sien as die herstelde beeld van God en teenoor hulle die minste wees soos Christus was ter wille van die evangelie en tot eer van God.

*Sing: Psalm 18:13 (1936)*

*Ds. LAS Nel (Elandskraal)*